A17/3

APPèLRAAD OOR PUBLIKASIES

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Datum van ondersoek : 7/8/87 Saak No : 80/87

DIE DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES Appellant

v

DIE KOMITEE OOR PUBLIKASIES Respondent

Insake die publikasie AT EASE - April '87

Appélraad

Prof. JCW van Rooyen (Voorsitter)
Mnr JJH Malherbe
Prof.AP Grové
Ds. PR van der Merwe
Prof. CE Pretorius
Mev L Gilfillan
Prof. C Nieuwoudt

---


## S U M M A R Y

Periodical issued by the organisation known as "End Conscription Campaign" and which has as purpose the abolishment of compulsory military service, unlikely to have sufficient deleterious effect on persons liable for military service so as to affect the effectiveness of the armed forces.


---

## U I T S P R A A K

JJH Malherbe : 'n Komitee oor Publikasies het die April-uitgawe van die publikasie At Ease ongewens bevind en het die volgende redes vir hulle beslissing aangevoer :

> "The publication has inter alia a report on the Wilkinson trial (Wilkinson is a conscientious objector), a report on a new campaign and various other reports on the ECC.
>
> Centre pages contain material that will weaken the will of young South Africans and therefore strengthen SWAPO.

In Grensvegter the forces fighting revolution and violence are put in a ludicrous light.

This publication will sap the morale of those who must do military service. In the Committee's view it is prejudicial to the safety of the state and to peace and good order"

Die Direktoraat van Publikasies het appél aangeteken teen hierdie beslissing en die volgende gronde daarvoor verstrek :

"Prima facie het hierdie publikasie dit teen die stelsel van verpligte diensplig as sodanig. Die onregverdigheid daarvan en selfs die immoraliteit daarvan om 'n persoon onder huidige omstandighede in die Republiek van Suid-Afrika te verplig om militêre diens te verrig, word in hierdie publikasie op die voorgrond gebring. Eendersyds word in die publikasie direk en indirek daarvoor gepleit dat persone die keuse gelaat moet word om self te besluit of hulle diens in die Weermag wil doen. andersyds word daarop gewys dat diens in die Weermag noodwendig meebring dat 'n persoon moet meehelp om die aspirasies van nie-blankes in die Republiek van Suid-Afrika met wapengeweld te onderdruk. Die verrigting van diensplig word gelyk gestel (by wyse van noodwendige implikasie) aan immorele en onregverdigbare optrede wat eintlik ander persone benadeel.

Geoordeel aan die inhoud en algemene opset van hierdie publikasie, skyn dit of die waarskynlike leserskring daarvan veral jong mense sal wees - onder andere jong mans wat nog militêre verpligtinge het. Hierdie persone sal noodwendig deur hierdie publikasie sodanig beïnvloed word dat hulle sal begin glo daaraan dat dit moreel en eties verkeerd is om diensplig te verrig. Op sy minste sal publikasies soos hierdie op die langer duur uiters nadelig inwerk op die moreel van persone wat militêre diensplig moet verrig of besig is om te verrig.

Hierdie publikasie moedig egter nie lesers direk of indirek aan om nie diensplig te verrig nie - in ieder geval nie in soveel woorde nie. Dit wys slegs op die "immoraliteit" verbonde aan die verrigting van diensplig. Ook predik hierdie publikasie nie direk of indirek enige geweld of ander wederregtelike optrede nie. Gegewe die riglyne van die Appèlraad kan nie bevind word dat die publikasie binne die bedoeling van artikel 47(2)(e) van die Wet ongewens is nie. Sien in hierdie verband byvoorbeeld beslissing 141/85, 144/85, 123/86."

Die blad word vermoedelik uitgegee deur die organisasie bekend as "End Conscription Campaign" wat die afskaffing van verpligte militêre diens ten doel het. Soos al in die verlede gesê is in verband met soortgelyke leesstof wat voor hierdie Raad op appèl gekom het, is dit 'n politieke strydvraag waaroor debatvoering in die openbaar in orde is.

Soos ook reeds gesê is (kyk saak No 144/85 - Are you prepared) kan strafregtelike stappe gedoen word teen 'n organisasie wat mense oorreed of poog om hulle te oorreed om militêre diensplig te ontwyk. Die Verdedigingswet maak daarvoor voorsiening. Klaarblyklik kan daar geen sprake van sodanige stappe in verband met hierdie uitgawe wees nie. Dit bevat geen direkte oproep op iemand om diensplig te vermy nie. Weliswaar word die veiligheidsmagte in 'n swak lig gestel en regeringsbeleid ten opsigte van sy hantering van die onrus in die land onder verdenking gebring deur 'n eensydige stelling van feite. Dit word beweer dat ons in 'n onregverdige gemeenskap leef en dat dit die oorsaak an die huidige toestand van onrus is. Die regering doen niks daaraan nie behalwe om verdere onderdrukkende maatreëls toe te pas.

Verdere sake wat aangeroer word is die hoë koste van die oorlog in SWA (dit kos R1000000 om een lid van SWAPO se magte te dood) en die baie sterfgevalle wat reeds voorgekom het aan beide kante; selfmoord en pogings daartoe deur weermaglede; verpligte verskuiwing van swart gemeenskappe ens. Die stelling word gemaak dat oorlog nie nodig is nie en 'n beroep word op lesers gedoen om vrede te kies.

Baie syfers wat aangehaal word is deur kabinetsministers in antwoorde op vrae in die Volksraad verstrek.

Waarskynlik die belangrikste aspek - uit 'n veiligheidsoogpunt beskou - wat aangevoer word is die gebruik van die Weermag in die swart woongebiede. Volgens die blad veroorsaak dit 'n gewetenskrisis by baie lede van die Weermag omdat hulle moet optree teen mense met wie hulle simpatiseer. Die houding van die ECC word soos volg gestel :

> "The ECC believes that the option of community service, as an alternative to military service should not be restricted to religious pacifists but should be available to all those who in good conscience cannot serve in the SADF."

Hoewel die blad geen direkte aanhitsing om diensplig te vermy bevat nie, bly die vraag wat die Raad oor moes besluit of die publikasie dienspligtiges sodanig sal beïnvloed dat 'n beduidende aantal van hulle diensplig sal vermy of dat hulle toegewydheid sodanig benadeel sal word dat die doeltreffendheid

van die Weermag geraak sal word. Na die mening van die Raad het die publikasie eenvoudig nie genoeg trefkrag daarvoor nie. Van die artikels wat daarin voorkom skep die indruk van naïwiteit en ongebalanseerdheid. Die stellings wat gemaak word, hoewel eensydig, is vry algemeen bekend.

Die Raad weet natuurlik nie hoe groot die blad se oplaag is en wat die wyse van verspreiding is nie. Al wat in die blad self gemeld word is dat dit te koop is by die ECC se kantoor in Durban. Die blad bevat nie leesstof van populêre aard nie en normaalweg sal dit nie 'n groot leserskring opbou nie. Die grootste aantal lesers sal waarskynlik lede van die organisasie wees wat die blad verder sal versprei aan diegene wat na hulle mening belang daarin sal stel. Die waarskynlikheid is dat dienspligtiges wat nadelig deur die blad beïnvloed sal word diegene is wat reeds ongeneë is om diensplig te verrig.

Ten slotte moet daarop gewys word dat die Raad hom uitsluitlik moet bepaal by die inhoud van die publikasie wat voor hom op appèl is en nie die moontlike uitwerking van langdurige blootstelling aan dieselfde tipe leesstof in aanmerking mag neem nie.

Die appèl slaag, die beslissing van die Komitee word ter syde gestel en die publikasie word nie ongewens bevind.

J.C.W. van Rooyen

Prof JCW Van Rooyen
VOORSITTER VAN DIE APPèLRAAD OOR PUBLIKASIES.

12/9/87

**Collection Number: AG1977**

**END CONSCRIPTION CAMPAIGN (ECC)**

## *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.